



GROOT LYDENSWEEK 2019

- Bybelstudie, omgegroepe en huisgeloof -

NG KERK RANDBURG

Week van 14 April

Maandag - Lees-woord: Johannes 12 : 1-11



Jesus verduidelik Sy salwing aan almal wat daar saam is. Maria het Hom so voorberei vir Sy lyding en begrafnis. In die week dink ons as kerk na oor die lyding van Christus deur stil te staan by momente soos waarvan die teks hier vertel. Die lyding en sterwe van Christus kry in besonder betekenis in ons eie tye van swaarkry, vertwyfeling en lyding. Die salwing is 'n simbool van troos, 'n teken van bemoediging en nabyheid vir dié wat ly of sekerheid van seën.

Dinsdag - Lees-woord: Johannes 12 : 20-36




Wanneer Jesus met sy dissipels oor die koste van dissipelskap praat, gebruik Hy die beeld van die koringkorrel wat in die grond moet val en sterf om vrug te dra. Dit word 'n teken van Sy groot offer - om Sy lewe weg te gee. Inderdaad word Sy dood ons brood. In die week reis ons met die lydende Christus as dissipels, as gelowiges wat graag ons lewe wil inrig soos Christus ons leer ... en om in Sy voorbeeld ons lewe vir ander te "offer".

Woensdag - Lees-woord: Matteus 27 : 26 – 31



Toe het Pilatus vir Barabbas uit die tronk laat kom, hy het gedoen wat die mense gevra het. Hy het vir Jesus met 'n sweep laat slaan en Hom vir die soldate gegee sodat hulle Hom kon kruisig. Hulle het 'n kroon van doringtakke gevleg en hulle het dit op sy kop gesit. Hulle het 'n dik riet in sy regter-hand gesit. Die soldate het voor Hom gekniel en Hom gespot en gesê: " *Ons groet jou, Koning van die Jode!*"

Donderdag - Lees-woord: Johannes 13 : 1-17



Die bekende en verrassende gebeure wanneer Jesus Sy dissipels se voete was dra 'n baie groot waarheid. Hy het nie gekom om te heers met mag maar om te dien met liefde. Voetewas is tradisioneel deur die geringste van die slawe gedoen wanneer gaste vir ete aan tafel was. Hierdie daad van liefde wys na die oorfloed dienende liefde wat in Sy hart leef - sodat dit vir Hom nie skade is om dit te doen nie.

Kom neem deel

- Donderdag 19:00 Tafelstories • Vrydag 09:00 Kruishoutklanke en Nagmaal • Sondag 06:00 Oggendwaak met koffie • Sondag 09:00 Ligfees met lof en vreugde